and should begin immediately below the first letter of the address and should be followed by a comma.

(4) **The Body (liggaam)** or subject matter. This part should commence on the line below the salutation, the first word being placed under the centre of "Waarde Heer" etc. as in the specimen.

(5) **The Complimentary Close (slot)**, which in business letters is usually "**Die uwe**",

(or) **Hoogagtend, die uwe,**
(or) **U Dienswillige,**
(or) **U Dienswillige Dienaar,**

The form chosen for the complimentary close depends upon that chosen for the salutation. It follows the body of the letter and immediately precedes the signature.

STRUCTURE OF A BUSINESS LETTER.

Ref. Number. / Verwysnommer. ....

.... Address of the writer. / Adres van die skrywer.

....

.... Date. / Datum.

Address of person or firm to whom letter is addressed. / Adres van persoon of firma aan wie die brief gerig word. ....

....

....

Salutation. / Aanhef. ....

.... The body of letter. / Die liggaam van brief.

....

....

....

Paragraph. / Paragraaf. ....

....

.... Close. / Slot.

....

....

Enclosure(s). / Bylaag (bylae). ....

BETREFFENDE ASSURANSIEPOLIS.

7 Kortstraat,
KAAPSTAD.
27 Julie, 1925.

Die Heer S. Swart,
"Die Lande",
BEAUFORT WES.

Waarde Heer,

Aangaande Polis No. 678.

Ons dank u vir die brief van 25 l.l. in verband met die bovermelde waarvan ons kennis geneem het.

Met betrekking tot u vorige brief spyt dit ons dat ons nie eerder geantwoord het nie, maar sover ons kan uitvind het ons nie die brief ontvang nie. Ons sluit hiermee 'n applikasievorm in en sal bly wees as u die besonderhede wat ons gemerk het, sal invul, die vorm teken en dadelik aan ons terugstuur met bogenoemde polis.

Op ontvangs van die voltooide applikasievorm en die polis, sal ons 'n oordragsendossement uitmaak wat die assuransie na u nuwe adres sal oordra.

In afwagting van u verdere bevele wat altyd ons beste aandag sal ontvang.

Bly ons,
U dienswillige,
PETRUS DU TOIT.
Bestuurder.

BESTELLING BY 'N BOEKHANDELAAR.

Primêre Skool,
Vaalbank,
Dist. BEAUFORT WES.
10 November, 1925.

Die Here JUTA en Ko., Bepk.,
Adderleystraat,
KAAPSTAD.

Waarde Here,

Sal u asseblief so gou as doenlik die volgende bestelling uitvoer:

2 dos. eksemplare "Colomba" — Jan Cilliers.
1 riem vloeipapier.
2 dos. eksamenblokke.
3 „ oefeningboeke (vierkantlyne).
½ gros aantekeningboeke.

Op die oomblik het ek nie 'n rekening by u nie, maar wil graag nou een begin, gevolglik verwys ek u na die Here Mc Donald en Seuns en die Sentrale Nuusagentskap beide van Langstraat, Kaapstad.

Daar die saak uiters dringend is, sal ek bly wees as u dit u dadelike aandag sal gee.

Dankie by voorbaat.

Die uwe,

B. HEATH (Prinsipaal).

KLAGTE OOR OPONTHOUD.

4 Laanstraat,
LAINGSBURG.
12 September, 1925.

Die Heer R. SHAW,
14 Hoopstraat,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Daar ek tot nog toe geen antwoord op my brief van 21 l.l. ontvang het nie, sal ek bly wees as u my 'n uitleg van die oponthoud in die uitvoer van my bestelling sal stuur.

Dit mag van belang vir u wees om te weet dat ek heel waarskynlik sommige van my beste klante sal verloor tensy die goedere my by die 25ste deser bereik.

Met die oog hierop is dit nodig dat u my dadelik meedeel, of u in staat is die bestelling uit te voer ten einde my 'n geleentheid te gee hierdie bestelling elders te plaas.

Die uwe,

B. PIENAAR.

OEFENINGE.

(*a*) Skryf aan 'n boekhandelaar 'n brief waarin u hom vra om sekere boeke vir u te stuur. Skryf ook die antwoord.

(*b*) Doen aansoek by 'n firma vir 'n betrekking as boekhouer. Skryf ook die antwoord.

(*c*) U doen aansoek by u firma om verplaas te word na een of ander verafgeleë tak van dieselfde firma weens omstandighede wat u in die applikasie meld. Skryf ook die antwoord.

(*d*) U is in diens van een of ander boekhandelaar. 'n Bestelling word met u geplaas vir sekere boeke wat u toevallig nie in voorraad het nie. Skryf nou 'n brief ten einde die klant daarvan te verwittig en stuur tegelykertyd 'n reeks ander boeke wat u vir dieselfde doel aanbeveel.

(*e*) Skryf aan 'n firma 'n brief waarin u kla oor die oponthoud in die uitvoer van 'n sekere bestelling. Meld ook die ongerief wat u deur sodanige vertraging veroorsaak is.

(*f*) Skryf 'n brief waarin 'n winkelier sekere goedere volgens ontvange monsters en prysopgawe van 'n groothandelaar bestel. Skryf ook die antwoord.

CHAPTER 13.

MISCELLANEOUS TERMS AND ABBREVIATIONS.

1. Learn the following:

Winkel	—	shop.
Winkelier	—	shopkeeper.
Winkelbank, toonbank	—	shopcounter.
Winkelbediende	—	salesman.
Winkele	—	shopping.
Om te gaan winkele, of om inkopies te doen	—	to do shopping.
Winkelgeld	—	shoptakings.
Geldlaaitjie	—	till.
Winkeluitstalling	—	shop display.
Ware	—	wares.
Kruideniersware	—	groceries.
Kruidenier	—	grocer.
Handel	—	commerce.
Besigheid	—	business.
Besigheidsake	—	business matters.
Handelaar	—	merchant, dealer, trader.
Kleinhandelaar	—	retailer, retail merchant.
Groothandelaar	—	wholesaler, wholesale dealer.
Produseer	—	produce (verb).
Produsent	—	producer.
Produkte	—	products.
Bedrag (bedrae)	—	amount(s).

Som geld	—	sum of money.
Kantoorseun	—	office boy, messenger.
Kaoetjoek, uitveër	—	rubber (India).
Aansuiwer	—	to adjust.
Aansuiwerings	—	adjustments.
Maak die volgende aansuiwerings (veranderinge)	—	make the following adjustments.
Geld voorskiet	—	to advance money.
Erkentenis	—	acknowledgment.
Skulderkentenis	—	an acknowledgment of debt.
Ope-rekening	—	open account.
Geslote rekening	—	closed account.
Rekening-koerant	—	account current.
Kapitaal	—	capital.
Bedryfskapitaal	—	working capital.
Porto	—	postage.
Posseël	—	postage stamp.
Kontant	—	cash.
Kleinkontant, kleinkas	—	petty cash.
Kleingeld	—	change.
Suiwere wins	—	net, clear profit.
Bruto wins	—	gross profit.
Skryffout	—	clerical error.

2. Learn the following:

n/d.	—	na datum (after date — A/D).
v.m.	—	voormiddag (ante meridiem, forenoon — a.m.).
ant.	—	antwoord (answer — ans.).
r/v	—	rekening van (account of — a. o.).
art.	—	artiekel (article — Art.).
V/R	—	verkoopsrekening (Account Sales A/S).

V.K. — Verenigde koninkryk (United Kingdom — U. K.).
v.w. — volgens waarde (according to value — A/V — ad. val).
bal. — balans (balance — Bal.).
W/B — wisselboek (bill book — B. B.).
B/W — bankwissel (bill of exchange — B/E).
L/B — ladingsbrief (bill of lading — B/L).

3. Construct sentences to show clearly the meanings of the following:

Hart, hard; steil, styl; veil, vyl; bond, bont; eed, eet; kleingeld, kleinkontant, skryffout, groothandelaar, produsent, kapitaal, kontant, kruidenier, trekker, blanko.

4. Translate:

(a) Die winkelier het my die nodige gegewens gestuur.
(b) Ek het berig ontvang dat die bedrag op die laaste faktuur verkeerd was.
(c) Die groothandelaars verkoop hulle produkte aan die kleinhandelaars teen verminderde pryse.
(d) As 'n mens kontant betaal, kry hy gewoonlik 'n afslag.
(e) Die wisselklerk het die wissel honoreer.
(f) Daar is teenswoordig baie bankbiljette in omloop.
(g) U skryffout op die vorige faktuur, het my baie ongerief veroorsaak.
(h) Loop haal vir my vyf pond kleingeld by die bank.
(i) Sê vir die kassier hy moet 'n tjek vir £ 20 uitmaak, want daar is nie meer kleinkontant in die kantoor nie.
(j) Stuur die kantoorseun met die tjek van £ 20 om dit by die bank te wissel.

5. Give the diminutives of the following:

Tak, rak, stof, pop, stoof, rook, klok, blik, sak, dak, stok, potlood, wissel, kapitaal, posseël, hand, hen, brief, bewys, rekening, pryslys, tjek, klerk, loon, salaris, boom.

6. Answer in good complete sentences:

1. As 'n mens kontant betaal, wat kry hy gewoonlik?
2. Wat moes die kantoorseun met die tjek maak?
3. Wat het die wisselklerk met die wissel gemaak?
4. Op watter voorwaarde verkoop die groothandelaars hul produkte aan die kleinhandelaars?
5. Wat maak jy aanstaande (a.s.) Saterdagmiddag?
6. Gaan jy ook die voetbalwedstryd tussen Westelike Provinsie en die Transvaal sien?
7. Wat sal die uitslag van die wedstryd wees?
8. Wanneer breek die skool op?
9. Is jy bly om te hoor dat ons vakansie kry?
10. Gaan jy gedurende die vakansie ook Afrikaans leer?
11. Wil jy graag vir die Afrikaans eksamen inskrywe?
12. Hou jy baie van voetbal?
13. Van watter vrugte hou jy die meeste?
14. Was jy al bo-op Tafelberg?
15. Wat is jou geliefkoosde spel?
16. Het jy die Kollege-tydskrif gesien?
17. Hoe heet die hoof van die Poskantoor?
18. Hoe heet die hoof van 'n Bank?
19. Hoe heet die hoof van 'n kollege?
20. Hoe laat gaan jy soggens na jou kantoor?

7. Give the singular of the following:

Generaals, skilpaaie, muise, hasies, wolwe, drifte, mandate, offisiers, riviere, hottentotte, hotnots, parlemente, regerings, ringe, diewe, briewe.

CHAPTER 14.

MISCELLANEOUS TERMS AND ABBREVIATIONS.

1. Learn the following:

Met betrekking tot u versoek	—	with reference to your request.
Ons moet u berig (meedeel)	—	we have to inform you.
Ek het u brief ontvang	—	I received your letter, or I am in receipt of your letter.
Ek (ons) het u brief ontvang	—	I (we) am (are) in receipt of your favour (letter).
Ons het die eer u te berig	—	we have the honour to inform you.
Ons erken die ontvangs van u brief van......	—	we (have to) acknowledge receipt of your letter of the......
In verband met	—	in connection with.
Waarvoor ons u dank	—	for which we thank you.
Kennis te neem	—	to note.
Kennisgeneem (het kennisgeneem)	—	noted.
Kennisgeneem van die inhoud	—	noted contents.
Betref, betreffende	—	concerning.
Dit spyt ons (spyt dit ons)	—	we are sorry, we regret.
Ons sluit in	—	we enclose.

Ons sluit hiermee in	—	we enclose herewith.
Hiermee ingeslote	—	enclosed herewith.
Ingeslote	—	enclosed.
Ingeslote sal u vind	—	enclosed please find (you will find).
Ons sal ons aandag aan die saak gee	—	we shall attend to the matter.
Applikasievorm	—	application form.
Besonderhede	—	particulars.
Ingeslote sal u besonderhede vind	—	enclosed you will find particulars.
Op ontvangs	—	on receipt.
Ons is in ontvangs van u brief	—	we are in receipt of your letter.
Endossement	—	endorsement.
Endosseer	—	endorse.
In afwagting van	—	awaiting.
As niks in die weg kom nie, as niks verhinder nie	—	if nothing prevents.

2. Learn the following:

V.a.b.	—	Vry aan boord (Free on board — F.o.b.).
V.o.s.	—	Vry op spoor (Free on rail — F.o.r.).
V.o.p.	—	Vry op pos (postfree).
K.O.A.	—	Kontant op aflewering (Cash on delivery — C. O. D.).
K.M.B.	—	Kontant met bestelling (Cash with order — C. W. O.).
K.B.A.	—	kontant by aflewering (cash on delivery — C. O. D.).
v/h.	—	voorheen (late).
S.S.	—	stoomskip (steamship — S.S.).

Stg. — sterling (sterling — Stg.).
t.t. — totus tuus (latyn vir geheel die uwe).
e.d.m., ens. — en die meer (etc.).

3. With the aid of the above terms, translate the business letters in chapter 12.

4. Divide the following words into syllables:

Hake, veilig, growwe, helde, veroorsaak, verander, geelagtig, diefagtig, dronkaard, koringoes, reënjas, wingerdstokke, aandklasse, akseptasiewissel, bankrekening, wisselkoers, ossewaens, oorlogfondse, nasionaliteite.

5. Fill in a suitable verb:

Die visser *vis*
Die onderwyser ....
Die bedelaar ....
Die messelaar ....
Die matroos ....
Die skip ....
Die boer ....
'n Kanon ....
'n Byl ....
Die trein ....
Die kind ....

6. Fill up the spaces with suitable conjunctions:

1. Gert ...... Piet gaan na skool.
2. Hy vra my ...... ek hom kan help.
3. Ek kan nie vandag gaan nie ...... ek baie ander werk het om te doen.

4. Hy wil nie luister nie, ... kan hy nou maar maak soos hy wil.
5. Ek sal vir jou wag, ... jy sal kom.
6. Is dit waar ...... hy môre kom?
7. Jy moet jou plig doen, ... jy in die wêreld wil aangaan.
8. Ek sal nie vandag kom nie, ... die reent.
9. Andries kan nie sy werk doen nie, ... sy onderwyser dit nog nie duidelik gemaak het nie.
10. Ek gaan vanmiddag vir 'n wandeling ...... dit so lekker is.

7. Give the degrees of comparison of:

(1) Hierdie boom is hoog, maar daardie boom is ......, en die boom daaranderkant is die ...... (2) Jan is baie slim, maar sy broertjie Piet is ......, terwyl sy enigste sussie Annie die ...... van almal is. (3) My tuintjie is droog, maar die van my buurman is ......, terwyl die een wat ek gister gesien het, die ...... is. (4) 'n Pynappel is lekker, maar 'n lemoen is ......, en die ...... van almal is 'n peer. (5) Gister het ek 'n lelike meisie gesien, maar die een wat ek vanoggend gesien het, is ...., dog van almal is ek die ....

8. Give the corresponding abbreviations of the following:

Kontant op aflewering; poskantoor; ladingsbrief; voorheen; hoek van; Lid van die Prowinsiale Raad; laaslede; die Here; Oranje-Vrystaat.

9. Translate:

Posbus 185,
KAAPSTAD.
5 Oktober, 1925.

Die Here JAN MOSTERT en Kie,
18 Joubertstraat,
LAINGSBURG.

Waarde Here,

In antwoord op u brief van 1 deser, het ons die eer om die lys van benodigdhede deur u gestuur in te sluit, met pryse daarby.

Ons is daarvan oortuig, dat u die pryse heel billik sal vind, en wens ook terselfdertyd die uitstekende kwaliteit van die goedere te waarborg.

Met betrekking tot betaling, ons terme is 6 % korting vir kontant, of 'n wissel op drie maande, soos u verkies.

Met agting,

U dienswillige dienare,

FRED. SIMPSON en Seuns,
Per Pro J. FRASER.

10. Make a short summary, in English, of the letter in question nine.

11. Write a letter to your uncle and ask him if you may spend a weekend (naweek) at his farm.

CHAPTER 15.

REWIESIE – REVISION.

1. Construct short sentences in which the following words and phrases are used:

   (*a*) Vereffen, omset, betaalbaar, salaris, honoreer.

   (*b*) Volledige informasie, beste geleentheid, u brief van, tien persent (10 %) korting; aansoek doen vir 'n betrekking.

2. Complete the following sentences:

   1. Ek sal kom, as ....
   2. Ek sal gaan, hoewel ....
   3. Hy loop skool-toe, al ....
   4. Piet het slae gekry, omdat ....
   5. Piet het slae gekry, daarom ....

3. Translate:

   1. Die handelaar het sy agterstallige rekening van £ 250 vereffen, en moes $1\frac{1}{2}$ % rente betaal.
   2. Daardie bank gee goeie rente op vaste deposito's.
   3. Die wissel sal verval as dit nie binne drie dae vanaf datum betaal is nie.
   4. Indien die wissel verval, sal 'n vernude wissel opgetrek moet word.
   5. Ek stuur die goedere, wat u bestel het, per passasierstrein.

4. Translate:

1. Who told you that the man could not pay his debts?
2. What is the actual amount of my account?
3. The manager, who helped me with a loan of £ 1,000 is out.
4. The gentleman, to whom you referred, charged us 7½ % interest on our overdue account.
5. We have a balance of your goods in our warehouse amounting to £ 150, which has been placed to the credit of your account.
6. I shall be greatly obliged if you will let me have a reply by return of post.

5. Re-write the following sentences and change the nouns into the plural:

1. Die klerk skryf 'n brief aan die handelaar.
2. Daardie bestuurder het 'n boekhouer in sy kantoor.
3. Die onderwyser het die kind na die prinsipaal gestuur.
4. Daardie tikster kan nie behoorlik op 'n masjien tik nie.
5. Die leerling het 'n boekprys van sy onderwyser ontvang.

6. Use the verbs in the following sentences correctly:

(1) Gister ons vir 'n wandeling (gaan). (2) Die man sal (slaan) die vark. (3) Die esel, wat (loop) daar, aan my Pa (behoort). (4) Môre ek vroeg na die Kollege (gaan). (5) Die meisie (tik), terwyl die ander met die boeke (besig is). (6) Waar het (sien) jy jou oom laaste?

7. Write an affirmative reply, in English, to the following letter:

Waarde Here,

Die wissel vir £ 200, wat vir vier maande deur u getrek is, verval op 12 deser.

Daar ek op die oomblik nie in staat is om dit te honoreer nie, sal ek dit as 'n guns beskou as u my sal toelaat om dit vir drie maande te vernuwe.

Met die vertroue, dat u my versoek sal toestaan,

Bly ek,

Die uwe,

(*get.*) H. OPPEL.

8. Write an essay of about 30 lines on "Die Poskantoor".

CHAPTER 16.

MISCELLANEOUS TERMS AND ABBREVIATIONS.

1. Learn the following:

Deposito	—	deposit.
Her-diskonteer	—	rediscount.
Sekuriteit	—	security.
Belegging	—	investment.
In transito	—	in transit.
Geoutoriseerde kapitaal	—	authorised capital.
Aandele	—	shares.
Effekte en aandele	—	stocks and shares.
Beurs	—	exchange.
Effektebeurs	—	stock exchange.
Valse tjek	—	forged cheque.
Die nuutste (jongste) verbeteringe	—	the latest improvements.
Fabrikate	—	manufactures.
Fabrikant	—	manufacturer.
Fabriseer, vervaardig	—	to manufacture.
Steun, ondersteuning	—	support.
Firma	—	firm.
Bate en laste (skulde)	—	assets and liabilities.
Gemeenskaplike kapitaal (effekte)	—	joint stock.
Ingeskrewe kapitaal	—	subscribed capital.
Voorskotte gee	—	to make advance.
Uitbreiding	—	extension, development.

Versend, afstuur	— despatch.
Gevolglik, dientengevolge	— consequently.
Vervolgens	— subsequently.
Oorlede, voorheen	— late.
Prokurasiehouer	— confidential clerk.
Inkoop	— purchase.
Verkoop	— to sell.
In staat stel	— to enable or qualify.
Ontbinding	— dissolution.
Ontbinding van 'n vennootskap	— dissolution of partnership.
Boekjaar	— fiscal year.
Invorder(ing)	— collect(ion).
Likwidasie	— liquidation.
'n Besigheid ontbind (opsê)	— to dissolve a business.
Ontslaan, afdank	— to dismiss, retrench.
Aangaande	— with regard to.
Kaaigeld	— pierage.
Tonnemaat	— tonnage.
Polis	— policy.
Premie	— premium.
Pakhuis, entrepó	— entrepot, warehouse.
Besending, konsienjasie	— consignment.
Gekonsienjeerde	— consignee.
Getjarderde	— chartered.
Bruto gewig	— gross weight.
Suiwere (netto) gewig	— net weight.
Tarra	— tare.
Mededinger, konkurent	— competitor.
Ysterware	— hardware.
Bylaag(e)	— enclosure(s).
Invoerregte	— import duty.
Doeane	— custom house.
Doeaneregte	— custom duty.

Deurvoerregte	—	transit duty.
Voordeliger pryse	—	more remunerating prices.
Gemiddeld	—	on an average.
Leweransier	—	furnisher, purveyor.
Ongetwyfeld	—	undoubtedly.
Rede hê	—	to have clue (grounds).
Verslag uitbring	—	issue report (to report).
Kantruimte	—	margin.
Koopware	—	merchandise.
Preferente aandele	—	preferential shares.
Kwynend	—	dull, languid.
Floreer	—	flourish.
Oes(te)	—	crop(s).
Prysvermindering	—	reduction of prices.
Etiket	—	label.
Ruim	—	ample.
Ruim voorsien	—	amply supplied.
Uiteindelik	—	eventually.
Garansie, waarborg (s.n.w.)	—	guarantee, warranty.
Waarborg (w.w.)	—	to guarantee.
Kosteloos, vry	—	without any charge, free.
Prima kwaliteit	—	prime quality.
Saldo, balans	—	balance.
Saldo opmaak	—	to balance.
Balansstaat	—	balance sheet.
Vir u rekening	—	on your account.
Sigwissel	—	sight draft.
Jaargeld	—	annuity.
Verkoopswaarde	—	surrender value.
Besondere awery	—	particular average.
Algemene awery	—	general average.
Geliewe my.... te krediteer	—	please credit my account.
Trekker van 'n wissel	—	drawer of a bill.

Betrokkene	—	drawee.
Promesse	—	promissory note. (I. O. U.).
Ekspediteur	—	forwarding agent, shipping agent.
Verhandelbaar	—	negotiable.
Betaling weier	—	to refuse acceptance (payment).
Kortsigwissels	—	short-dated bills.

2. Learn the following:

eks.	—	eksemplaar (copy).
enkelv.	—	enkelvoud (singular).
meerv.	—	meervoud (plural).
e.v.	—	eersvolgende (next).
Gebr.	—	Gebroeders (Bros).
geïll.	—	geïllustreerde (illustrated).
gen.	—	genitief (genitive).
Get.	—	geteken (signed — S. or Sgd.).
Gen.	—	generaal (general).
H.Ed.	—	Hoog Edele (honourable — Hon.).
H.H.	—	here, menere (Messrs.).
HS (S)	—	Handskrif(te) (manuscript(s) — (MS (S).
I. S. M. D.	—	In Sy Majesteits Diens (On His Majesty's Service — O. H. M. S.).
mag.	—	magistraat (magistrate — Mag.).
Mej.	—	mejuffrou (Miss).
Mev.	—	mevrou (Mrs.).
Mnr.	—	meneer (Mr.).
MS (S)	—	Manuskrip(te) Manuscripts(s) — MS (S).
N.B.	—	nota bene — let wel, let op (N.B.).
no.	—	nommer (number — No.).

N.S. (P.S.)	—	naskrif (post scriptum — P.S.).
p. (bls.)	—	pagina, bladsy (page — p.).
pp.	—	paginas, bladsye (pages — pp.).
Sekr.	—	sekretaris secretary — Secr.).

3. Translate:

Dear Sirs

I have just seen your advertisement (advertensie) for an assistant bookkeeper (boekhouer) in to-day's newspaper (nuusblad), and beg respectfully (eerbiediglik) to apply for the post.

I am twenty three years of age, and had over six years' experience of office work.

I enclose testimonial from my last employer (werkgewer), and if you appoint me, I can assure you I shal always do my best.

I am,

Your obedient servant,

4. Translate:

(*a*) Each firm generally possesses two offices, the office where the clerks are and the public office.

(*b*) The cashier pays the salaries and wages, and takes charge (neem besit) of all the money coming in or going out.

(*c*) The field is in splendid condition, crops are good, and stock (vee) is improving rapidly.

(*d*) The price of wool is high, and we hope that it will continue high throughout the year.

(*e*) Almost every Railway station in South Africa has a waiting-room as well as a booking-office.

5. Give the antonyms (opposite meanings) of the following:

   Lang, hard, rof, vinnig, diep, breed, groot, mooi.

6. Use each of the following words and phrases in sentences:

   Sekuriteit, belegging, uitbreiding, vervaardig, mededinger, invoerregte, in transito, voorskotte gee, in staat stel, 'n besigheid ontbind, voordeliger pryse.

7. Write the following letter:

   To the Secretary, Civil Service Commission, asking to be transferred to a University Town in order that you may attend classes at the University to qualify for promotion in your Department. Give also the reply.

CHAPTER 17.

MISCELLANEOUS TERMS AND ABBREVIATIONS.

1. Learn the following:

Ek het opdrag	—	I am informed (I rec. information).
Ek is belas om te berig	—	I am directed to state.
Ek is versoek om te berig	—	I am instructed to state.
Ek is opgedra om te berig	—	I am requested (informed) to state.
Met betrekking tot, met referte tot, met verwysing na	—	with relation to, with regard to, as regards, with respect to.
Ten opsigte van	—	in respect of.
Ten behoewe van, namens	—	on behalf of.
Ten gunste van	—	in favour of.
In verband met	—	in connection with.
Na gelang van, ooreenkomstig	—	in accordance with, in compliance with.
Na aanleiding van	—	in consequence of.
U versekerende van	—	assuring you of ......
U ten alle tye van ons beste aandag versekerende	—	assuring you of our best attention at all times.
Voorsien, verskaf	—	supply.
U aandag te bepaal, vestig	—	to draw your attention.
U goedgunstige konsiderasie	—	your favourable consideration.

Met die vertroue om 'n antwoord so spoedig moontlik te ontvang.	—	trusting to receive a reply at your early convenience.
U versekerende van ons beste poginge om volle tevredenheid te gee, verskaf.	—	assuring you of our best endeavours to give full (entire) satisfaction.
In sake u brief Aangaande u brief	—	regarding your letter. concerning your letter
Na insage	—	after perusal.
Hiermee sluit ek in vir insage	—	herewith I enclose for perusal.

2. Learn the following:

P.K.	—	poskantoor (post office — P.O.).
p.k.	—	perdekrag (horse power — H.P.).
p.v.	—	posvry (postfree).
Ontv.	—	ontvang (receive — Rec.).
o.s.	—	onderstaande (the following).
a.s.	—	aanstaande (next).
t.w.	—	te wete, terwyl (to wit, while).
D/S	—	dae na sig (days after sight — D/S).
K.A.V.	—	koste assuransie, vrag (cost insurance, freight — C. I. F. — c.i.f.).
K.s.b.	—	kombuis, spens, badkamer (kitchen, pantry, bathroom — K.p.b.).
V/B	—	vragbrief (bill of lading — B/L).
s.g.	—	sogenoemde (so-called).
O.K.	—	in goeie orde (in good order — O.K. — "Orl krect" (all correct).
e.o.	—	ex officio, ampshalwe (e.o.).
e.a., ens.	—	en ander, ensovoorts (et cetera — etc.).

F. W. U. / E. O. E.	—	foute en weglatings uitgesonder / behoudens vergissinge (errors & omissions excepted — E. & O. E.).
o.m.	—	onder meer (amongst others — inter alia).
o.i.	—	ons insiens (in our opinion).
m.i.	—	my insiens (in my opinion).

3. Construct sentences in which the following words appear:

Verruil, verlies, koers (2), opruim (2), vermaan, monster (2), posvry, bankier, insolvent, sersie.

4. Give the diminutives of the following:

Wa, boek, kar, boom, hand, rib, kis, kas, kalwers, tjek, wissel, noot, bankbiljet, brief, papier, inkpot, lessenaar, pen, potlood, penhouer, besigheid, meulenaar, appelkoos.

5. Give the plural of:

Blad (2), kiewiet, meulenaar, bedrag, kind, perske, kussing, neef, stoel, spies, skip, straat, straf, appelkoos, besigheid.

6. Translate:

1. Please note that I have not yet received the goods you promised.
2. Please supply bearer with a cheque book containing 50 cheques.
3. With further reference to my letter of the 10th instant, I beg to advise you that the goods have gone forward to-day.

4. I shall be glad, if you will take the necessary steps to investigate the matter thoroughly, with regard to the dishonoured bill I received yesterday.
5. The manager saw me in connection with the last consignment.

7. Correct the printers' errors:

AtlantIEse HOTEL?
STRAndweg;
SEE PUNT.
9 Sep tember i925.

Waarde here,

Dei wissek vir &200, watvir viermaande deeur u getrek is, verVal op 12 deser.

Daaar ik op dei oomBLIKnie in staat is om dit to hoonnreer nie, salek dit as 'N guns beskouw as U mij sal tOelaa at dit vir driemaande te vernu we.

Met die VerTrouwe dat u my versoek sal yoe- staan.

Bly Eh,

DIE Uwe,

8. Write to the Manager of the Standard Bank of S. A. Ltd., Cape Town asking for a fortnight's special leave, giving fully the reasons for your request. Give also the reply.

CHAPTER 18.

MISCELLANEOUS TERMS AND ABBREVIATIONS.

1. Learn the following:

Kantoor	— office, counting house.
Kantoorbehoeftes	— office requisites.
Brandkas	— safe(n.).
Lias, legger	— file.
Liasseer	— to file.
Liasseerstelsel, opbergstelsel	— filing system.
Liassering	— filing.
Verwys na die lias	— refer to the file.
Tik (om te)	— to type.
Tikmasjien, skryfmasjien	— typewriter.
Tikker, tikster	— typiste(e).
Kopieer	— to copy.
Kopie	— a copy.
Kopiereg	— copyright.
Kopieboek, brieweboek	— letter book.
Kopieergeld	— copying fee.
Kopieerpapier	— copying paper.
Duplikaatpapier	— ” ”
Kladpapier	— ~~blotting paper~~.
Skryfpapier	— writing paper.
Masjienkrif, tikskrif	— typewriting.
Telefoon	— telephone.
Telefoonburo	— telephone exchange.

Telefoonhuur	— telephone rent (subscription).
Bylyn	— extention (line).
Telegram	— telegram.
Telefoongesprek	— telephone conversation, call.
Telefoonoproep	— telephone call.
Onderpand	— pledge, guarantee.
Skryfbehoeftes	— stationery.
Boekhou	— bookkeeping.
Boekhouer	— bookkeeper.
Dagboek, joernaal	— daybook, journal.
Kasboek	— cash-book.
Grootboek	— ledger.
Kassier, kashouer	— cashier.
Wisselboek	— bill book.
Wissel-ontvangeboek	— bills receivable-book.
Wissel-betaleboek	— bills payable-book.
Bankboek	— passbook.
Deurslagpapier	— stencil.
Verhuurder	— lessor.
Huurder	— lessee.
Lasbrief (eisbrief)	— letter of demand
Saldo	— balance.
Batige saldo	— debit balance.
Bate en Laste (skulde)	— assets and liabilities.
Skuldbrief (S/B)	— debenture, stock.
'n Brief bevestig	— to confirm a letter.
Bevestiging	— confirmation.
Posbestellingdepartement	— mail-order department.
Passament, omboorsel band	— braid, trimming.
Insake (i/s)	— with reference to (re).
Draer, houer	— bearer.

Slapheid (in die mark) — slackness (in the market).
Prokurasiehouer — assignee.
Rekeningsopgawe — statement of account.
Beswaar — objection.

2. Learn the following abbreviations (afkortinge):

K/R — Kapitaalrekening (Capital Account — C/A).
G./R. — Getjarterde Rekenmeester (Chartered Accountant — C.A.).
K/B — Kasboek, kontantboek (cash-book — C.B.).
K/B — Kredietbrief } (credit note — C/N).
k.b. — Kredietbriefie } (credit note — C/N).
K.W. — Kontantwissel (cash order — C/O).
Ko. — Kompanjie (company — Co.).
My. — Maatskappy (company — Co.).
P.A. — per annum (per annum — p. a.).
p/a — per adres (care of — c/o).
p. j. — per jaar (per annum — p. a.).
jr. — jaar (year — y.).
Jt. — jaart (Yard — Yd.).

3. Translate:

1. In reply to your favour of the 5th instant, I enclose herewith pricelist of my goods.
2. With regard to payment, my terms are 5 % discount for cash; or Bill at 3 m/d. (three months date).
3. Trusting that I shall be favoured with your commands.
4. I beg to say, that I am satisfied with the terms of payment mentioned by you.
5. Please forward, as soon as possible, the articles stated in the enclosed list.

6. I hope to have the pleasure of extending my relation with your firm.
7. I enclose herewith invoice of goods ordered by you in your favour of the 6th instant.
8. Goods have been forwarded to your addres by rail to-day.
9. You may draw on me for the said amount for three months.
10. I trust that you will be satisfied with the goods in all respects.
11. I can assure you that I am in no way responsible for the clerical error.
12. We are pleased to hear that the drop in prices on drawing-room and dining-room suites will enable you to increase your stocks at an early date.

4. Translate:

1. Ek wens u in kennis te stel dat ek die goedere aangestuur het.
2. Dit sal nie lank duur nie of sy krediteure sal so goed as niks ontvang nie.
3. Dit spyt my om hierdie verklaring van my medehandelaar te gee.
4. Ek is verplig om enige gegewens te weier.
5. Hy is promp en stip met die uitvoer van al sy transaksies.
6. Ek het elke poging aangewend om u order promp uit te voer.
7. Sodra ek 'n antwoord ontvang sal ek u skrywe of telefoneer.
8. Ek kan u verseker dat ek in geen opsig verantwoordelik gehou kan word vir die versuim nie.
9. Bedrae tot 1 s. kan deur middel van posseëls geskied en met hierdie rekening gestuur word.

10. U sal niks vind waaroor te klae nie, want ek het self na die aflewering van die bestelde goedere gesien.
11. Waarde Heer, met die vertroue dat ek u ondersteuning sal verkry, bly ek, die uwe.
12. In afwagting op u gunstige antwoord, hoogagtend, die uwe.

5. Divide into syllables:

Vermenigvuldig, landgenote, passasierswa, bestelling, goederetrein, kameeldoringboom, konsonantteken.

6. Give a short summary in English of the following letter:

Waarde Heer,

Dit spyt ons om te verneem dat u nie in staat is om die balans van ons uitstaande rekening te kan betaal nie. Toe ons betaling geëis het in Junie laaslede, het u gesê dat u in sekere finansiële moeilikhede verkeer en het ons toe gevra om u spesiale konsiderasie te skenk, omdat u goeie vooruitsigte, wat besigheid betref, in die somerseisoen verwag. Ons het toe besluit om u verlenging van tyd af te staan en u het daarop belowe om nie later as 29 September aan ons te skrywe nie. Ons het tot die 14de Oktober gewag, toe ons, nadat ons niks van u verneem het nie, u aan u belofte herinner het. Hierdie herinnering het u na 'n versuim van 'n week kortliks beantwoord en gesê dat u nie in staat is om ons rekening te vereffen nie; u het ons ook nie gesê wanneer ons u tjek kan verwag nie. Aangesien ons 'n aansienlike tyd vir die vereffening gewag het —

'n uitstaande bedrag wat nogal taamlik groot is — sal ons u versoek om dit so spoedig moontlik te vergoed, anders sal ons verplig wees om die saak te oorhandig aan ons prokureurs.

Hoogagtend,

Die Uwe,

7. Write a letter to the Lost property Department (S. A. R.), stating that you lost a new coat in one of the compartments (kompartemente). Write also the reply.

CHAPTER 19.

REWIESIE – REVISION.

1. Maak sinne waarin die betekenisse van die volgende woorde duidelik uitkom:

Darem, daarom; gelede, verlede; kruit, kryt; weier, wyer; ryer, reier; swaer, swaar; wissel, akseptasie-wissel, verwittig.

2. Verbeter die o. s. sinne:

(*a*) Verlede Deetsember het 'n groot dwarrelwind gewaai.
(*b*) Waffer man is dit daardie?
(*c*) Dalkies het hulle huis toe gekom.
(*d*) Die pere het fussies nog daar gewei.
(*e*) Die kinderkies blaas op hulle fluikies.
(*f*) Ek hoor jy kom uit na Suidafrika.
(*g*) Hy gaan in vir saaiery.
(*h*) Hy kyk agter die beeste van sy pa.
(*i*) Agter die ete sal ek jou kom sien.

3. Gebruik die regte vorm van die Byvoeglike Naamwoord tussen hakies — b.v. (hoog) pryse — hoë pryse.

'n (droog) boom; 'n (sleg) diens bewys; 'n (klein) rekening; (swart) kole; (buig) ysters; 'n dwing) saak; (billik) vergoeding; 'n (goud) ketting; 'n (glad) pad; 'n (spaarsaam) vroutjie; 'n (simpel) verhaaltjie.

4. Gebruik die volgende uitdrukkinge in sinne:

In verband met; met verdere betrekking tot; in aanmerking neem; in antwoord op; in afwagting van; ten opsigte van; ten gunste van.

5. Verdeel in lettergrepe:

Essensieel; poëte; ruitjie; leraar; aanrakingspunt.

6. Vertaal:

1. We beg to advise you that, owing to the fall in prices, we have this day reduced the prices of our product by 5 %.
2. Johannesburg is the largest city in South Africa.
3. No person is liable on a Bill if he has not put his signature to it.
4. I was exceedingly glad to get home again.
5. I shall be glad, if you will send me half-a-dozen note books.

7. Vertaal:

Waarde Heer,

Met betrekking tot ons rekening vir die laaste kwartaal, wens ons u te berig dat die agterstallige (overdue) geld nog nie ontvang is nie, en ons dank u by voorbaat (in anticipation) om 'n tjek of poswissel so spoedig moontlik te ontvang.

Ons sal so spoedig moontlik aandag gee aan die vrae vir die spesiale bestelling en sal u die gevraagde spesifikasie per kerende pos laat kry.

Die uwe,

8. Skryf 'n brief van omtrent 20 reëls, aan u ouers, waarin u hulle meedeel van u ondervinding op 'n kosskool.

CHAPTER 20.

MISCELLANEOUS TERMS AND ABBREVIATIONS.

1. Learn the following:

Die doel van my brief	—	the purpose of my letter.
Dringend	—	urgent.
Betrokke wees in 'n bankrotskap	—	to be concerned in an insolvency
Betaalbaar (wissel)	—	due.
Die wissel is betaalbaar op verval	—	the Bill is due.
Liggelde, dokgelde	—	dock dues, demurrage.
Produksiekoste	—	cost of production.
Regte, belasting	—	duty.
Tolvry	—	duty free.
Die trein is op haar tyd	—	the train is in due time.
Kwitansie, kwytbrief	—	receipt.
Vereffening, kwyting	—	settlement.
Paaiement	—	installment.
Kwiteer	—	to receipt.
Skuldboek, rekeningboek	—	account book.
Op die gebied	—	in this respect.
Krediteer	—	to credit.
Krediteur, skuldeiser	—	creditor.
Krediet	—	credit.
Debiteer	—	to debit.
Debiteur, skuldenaar	—	debtor.
Debet	—	debit.

....Te boek	—	to enter.
Boekinge, poste	—	postings, entries.
Handelsreisiger	—	commercial traveller.
Tengevolge van	—	in consequence of, owing to.
Bestellinge, orders	—	orders.
Vragprys (oor see)	—	freight.
Vragprys (oor land)	—	carriage.
Vragprys (oor spoor)	—	railage, carriage.
Hawens	—	harbours, ports.
Skeepsagent, ekspediteur	—	clearing agent.
Verrekeningskantoor	—	clearing house.
Billike voorwaardes	—	reasonable terms.
Aanbod, offerte	—	offer.
Lekkasie	—	puncture.
Grotendeels	—	to a large (great) extent.
Klante, kliënte	—	customers, clients.
Klandiesie	—	clientele.
Rekening van voorradige goedere	—	stock account.
Makelaar, agent	—	broker, agent.
Voorraadopneming	—	stocktaking.
In voorraad, voorradig	—	in stock.
Slytasie, vermindering (van waarde)	—	depreciation.
Verteenwoordig	—	represent.
Verteenwoordiger	—	representative.
Vergunning (toestemming)	—	permission, allowance.

2. Learn the following:

Dr.	—	dokter (doctor — Dr.).
Dt.	—	debiteur (debtor — Dr.).
Afd.	—	afdeling (division).

d.a.v.	—	daaraan volgende (following — fol. or f.).
B.o.; S.O.S.	—	blaai om; sien ommesyde. (Plaese turn over — P. T. O.).
B. O. A.	—	Brits Oos-Afrika (Brit. East Africa. — B. E. A.).
S. A. S.	—	Suid-Afrikaanse Spoorweë (S. A. Railways — S. A. R.).
Sekr.	—	sekretaris (secretary — Secr.).
S. O. S.	—	sien ommesyde (P. T. O.).
tes.	—	tesourier (treasurer — Treas.).
T. U. K.	—	Transvaalse Uniwersiteitskollege (T. U. C.).
K. T. K.	—	Kaapse Tegniese Kollege (Cape Technical College — C. T. C.).
U. P.	—	Unie Parlement (Union Parliament — U. P.).
vgl.	—	vergelyk (compare — cf.).
V. R.	—	Vrederegter (Justice of the Peace — J. P.).

3. Gebruik die volgende woorde in sinne, sodat die betekenis duidelik sal uitkom:

Brieweboek, tikker, telefoon, skryfbehoeftes, kassier, mededinger, handelsreisiger, vervaldag, dringend, lias, verval, bevestig, belê.

4. Vertaal:

1. I shall be prepared to receive your instructions per letter.
2. I take the liberty of offering (proffering) my services.

3. I am willing to deduct an extra discount of 5 %, if you settle your account within three weeks.
4. The banker had to meet the Bill which matured to-day.
5. I shall esteem it a favour, if you would kindly let me have, either the whole or the half of your account in the course of a few days.
6. We hope that we shall hear favourably from you at an early date.
7. We are quite willing to let you have all our samples for a week's trial.
8. We have no doubt that these samples will give you complete satisfaction.
9. I deducted the usual 10 % discount from your account.
10. The typewriter returned by you last Monday, was delivered late yesterday afternoon.

5. Vertaal:

1. Die skryfmasjien kan reggemaak word, maar die koste sal te veel wees.
2. Die ingeslote pamflet, wat pas uitgegee is, sal u van alle nuwerwetse (up-to-date) feite voorsien.
3. As u addisionele inligting verlang, sal ons dit met plesier verskaf, op ontvangs van u verdere bevele.
4. Ek sal bly wees as u my 'n half-dosyn skryfboeke voor die end van die week sal stuur.
5. 'n Tjek ter vereffening van my rekening, het ek op die 14de deser gestuur.
6. Hy het my verseker dat die besigheid floreer.
7. Sodra ek 'n antwoord ontvang, sal ek u skrywe of telegrafeer.

8. Hendrik het 'n goeie handelsopleiding gehad, en is nou 'n ervare boekhouer en korrespondensie-klerk.
9. Ons sluit 'n tjek vir die som van £560 in, die bedrag aan u verskuldig, en sal bly wees om die kwitansie as na gewoonte te ontvang.
10. Ek sal dit as 'n groot eer en plesier beskou as u my volledige inligting, wat betref die bekwaamheid van die heer Bruno, sal verskaf.

6. Beantwoord die o.s. vrae in goeie volsinne:

(a) Wie is die drie vernaamste manne in Suid-Afrika?
(b) Waar is die hoofkantore van die Unie Parlement?
(c) Noem die vernaamste hawens in Suid-Afrika.
(d) Hoe heet die grootste rivier in Suid-Afrika?
(e) Wat is die vernaamste produkte van die Westelike Provinsie?
(f) Wat is die kortste tyd per trein van af Kaapstad na Johannesburg?
(g) Word die S. Afrikaanse Spoorweë op 'n wins- of 'n verlies-basis gedrywe?
(h) Waarom kan lokomotiewe nog nie in Suid-Afrika vervaardig word nie?
(i) Is u ten gunste daarvan dat lokomotiewe in Suid-Afrika gemaak moet word?
(j) Wat is die vernaamste artiekels wat Suid-Afrika van ander lande invoer?
(k) Wat is Suid-Afrika se vernaamste uitvoerhandel?
(l) Hou u van die klimaatstoestande van Suid-Afrika?
(m) Van watter jaargety hou u die meeste?

7. Vul die Byvoeglike (Intensiewe) Naamwoorde in:

Iets	wat	baie	swart	is, is	PIKSWART.
,,	,,	,,	wit	is, is	....
,,	,,	,,	vol	is, is	....
,,	,,	,,	blou	is, is	....
,,	,,	,,	sterk	is, is	....
,,	,,	,,	rond	is, is	....
,,	,,	,,	duur	is, is	....
,,	,,	,,	nuut	is, is	....
,,	,,	,,	rooi	is, is	....
,,	,,	,,	soet	is, is	....
,,	,,	,,	warm	is, is	....
,,	,,	,,	nat	is, is	....

8. Verbeter die volgende sinne:

(*a*) Nooit kon ek dink, dat hy my sou kul.
(*b*) Toe die antwoord het gekom, was dit al te laat.
(*c*) Die vader het geen brief van sy stout kind ge-ontvang.
(*d*) Die gowerneur generaal het baie werk.
(*e*) Daardie man së grootte huis sal op ons val.
(*f*) Die koei het ek gehoor loop.
(*g*) Wie vir 'n man is dit daardie?
(*h*) Die faktuur is nie ooreenkomstig met die goedere; enige van die breekware het stikkend hier aangekom.
(*i*) Hierdie werk is op 'n wonderlik masjien getik.
(*j*) Die Fransmanne het met die Engelsmanne gegaan walk.
(*k*) Jy moet my nie vanaand disappoint nie, hoor?
(*l*) Jan Cilliers is een van die bekendste poete wat nog geleef het.

9. Skryf die volgende briewe:

(*a*) Aan 'n bestuurder waarin u hom vra vir 'n verhoging van salaris.

(*b*) Skryf die antwoord van die bestuurder waarin hy u 'n verhoging van £ 2.10.0. per maand toeken.

(*c*) Skryf 'n antwoord aan die bestuurder waarin u hom bedank vir die toekenning van die verhoging.

CHAPTER 21.

REWIESIE — REVISION.

1. Gee die teëstelling van:

   Die man is baie **maer.**
   Die kind is **dom.**
   Die leerling is **lui.**
   Die soldaat is **dapper.**
   Die meisie is **bang.**
   Die water is **sout.**
   Die koffie is **soet.**
   Die tee is baie **sterk.**
   Die botter is baie **vars.**
   Die vleis is baie **vars.**
   Die lug is **fris.**
   Daardie man is regtig **fris.**
   Die kind is **soet.**

2. Gee die trappe van vergelyking van:

   Dik, bros, boos, kaal, nat, wit, blou, pikswart, droog, fatsoenlik, interessant, siek, swaar, dood.

3. Verklaar (define) die o.s. afkortings:

   K.O.A.; m.a.w.; asb.; V.a.b.; V.o.s.; P.K.; p.v.; o.s.; a.s.; B/W; O.W.; v/w.

4. Vertaal:

   1. Detailed information was given to the Bill Clerk with reference to the present Rate of Exchange.

2. I thank you in anticipation.
3. He failed in Bookkeeping and Business Methods, but passed in all the other subjects.
4. The manager instructed the Bill Clerk to meet the promissory note in favour of Mr. R. Sutton for the sum of £ 300.
5. I have pleasure in enclosing cheque value £ 22 11 s 11 d in payment of work done by you last month.
6. Please let us know if we may expect to see you so that we can make arrangements to meet you.

5. Vertaal:
   1. Die mud koring, wat hy dra, is duur.
   2. Die boeke op daardie rak behoort aan Jan.
   3. Vir die huis van my oom was daar geen bod nie.
   4. Hulle het kerse in hulle huise.
   5. Op watter datum verval die wissel?
   6. Die wissel wat ek gister van Mnr. Sutton ontvang het, was vir £ 340 en is vir 2 m/d.
   7. Die masjien, waarop ek tik, is weer stukkend.
   8. Al die lede was teenwoordig op die laaste vergadering.
   9. Ek het u klagte met referte tot die bewys, wat ek eergister aan u gestuur het, ontvang, en ek bly by my instruksies.
   10. Die firma Y stuur al hul goedere aan hul klante vry op spoor.

6. Gebruik die volgende woorde en uitdrukkinge in goeie sinne:

Kontrak; lening; kosprys; vasstel; met die oog op die; u versekerende van; u aandag te vestig; na aanleiding van; faktuur; tarief; geriewe; teenswoordig; in sake; ten opsigte van.

7. Maak een woord van die volgende woord-pare:

(b.v. man en hoed — manshoed)

Venster en bank; sak en boek; rys en skottel; boek en winkel; tabberd en goed; volstruis en eiers; as en wa (2); behoeftes en kantoor.

8. Vertaal die volgende:

Hope Street,
CALEDON.
18th September, 1924.

Messrs R. STEPHENS & Co. Ltd.,
Adderley Street,
CAPE TOWN.

Gentleman,

In reply to your letter of the 14th inst., I beg to say that I am satisfied with most of the prices quoted, as also with the terms of settlement.

Please forward as soon as possible the articles detailed in the enclosed list. If the goods come up to expectation I hope to have the pleasure of placing regular orders with you in the future.

I forward for reference the names of two Cape Town firms with whom I have had an account for several years. My bankers are the Caledon Branch of the Standard Bank.

I shall notify you immediately on receipt of goods, when you may draw upon me for the amount, at three months in accordance with your terms.

I am,

Yours obediently,

HENDRIK OPPEL.

9. Maak 'n kort opsomming (in Afrikaans) van die brief in vraag 8.

10. (*a*) Skryf 'n brief aan een of ander bank waarin u vir 'n lening van £ 500 vra.

(*b*) Skryf die antwoord op die brief waarin die bestuurder van die bank u die £ 500 toeken met sy voorwaardes in belang daarmee.

CHAPTER 22.

REWIESIE — REVISION (Continued).

1. Use the following words and expressions in sentences to show their meaning:

   Na aanleiding van, weifelend, ooreenkomstig, afstuur, ten opsigte van, in sake, bevestiging, oplê, belegging, in aanmerking neem, verwittig.

2. Construct short sentences to show the difference in meaning of the following words:

   Ent, end; maar, maer; jammer, jammerhartig; lelik, afskuwelik; langsaam, langsamerhand; wonderlik, wonderbaar; maklik, gemak; geestig, geestelik; lang, lank; grote, grootte; skelm, geslepe.

3. Correct the following sentences:

   (a) Ons het ons gedurende die laaste vakansie regtig geënjoy.
   (b) Gaan julle teachers nog die social gee?
   (c) Ek het die dief gehoor loop.
   (d) Met wat het die dief die deur van die huis vernietig?
   (e) Piet het 'n wire van sy pa gekry.
   (f) Waarvoor het jy daardie daad geverrig?
   (g) By die weekend gaan hulle 'n picnic hou.
   (h) In die burger is 'n aanvraag vir 'n boekhour.

(*i*) Het jy 'n appointment gemaak met die doctor?
(*j*) Daar is 'n call vir jou by die 'phone.
(*k*) Wie vir 'n man is dit daardie?
(*l*) Sal jy asseblief die lig afdraai?
(*m*) Met die aankoms van die Kroonprins was die hele Kaapstad opgelig.
(*n*) Dit is 'n moeilik taak waarvan hy hom moet kwyt.

4. Use the adjective in brackets correctly:

'n (hoog) toring; (gaaf) nuus; 'n (arm) bedelaar; 'n (ongegrond) rede; 'n (vals) klavier; 'n (warm) yster; 'n (koud) bad; 'n (afgedank) loesing; 'n (ou) perd; 'n (wonderlik) masjien; 'n (ernstig) voorneme; 'n (gesleep) skelm; 'n (tienjarig) knaap; 'n (waaghalsig) vent; 'n (stout) kind; 'n (gebreklik) hoender; 'n (duister) toekoms; 'n (gelap) baadjie; 'n (bloeddorstig) moordenaar; 'n (soet) kind; 'n (yskoud) rilling; 'n (eienaardig) mens; 'n (onafhanklik) staat; 'n (selfstandig) regering; 'n (vet) vrou; (sleg) gewoonte; 'n (maer) meisie; (wettig) stappe; (buitensporig) taal.

5. Change the singular nouns into the plural:

(1) Die man is besig om die gerf op die wa te laai. (2) Die reisiger het die rivier by die drif oorgegaan. (3) Die predikant het die seun aangeneem as 'n lid van die gemeente. (4) Die voorspeler het 'n mooi spel op die Nuwelandse veld gelewer. (5) Die voorskoot van die koopman se vrou is van linne gemaak. (6) Hy is 'n persoon van buitengewone bekwaamheid en energie. (7) Die moordenaar moet voor die regter verskyn. (8) Die perd dra 'n swaar las op sy rug. (9) Die Fransman en die Engelsman het vir 'n wandeling gegaan. (10) Die volk vertrou op die generaal en die offisier.

6. Change the plural nouns into the singular:

(1)Die jukke rus op die nekke van die osse. (2) Die bediendes gooi die water in die baddens. (3) Die kinders het gedenktekens op die grafte van hul ouers geplaas. (4) Die lede van die kommittees is almal mans. (5) Die dogters luister ernstig na die raadgewinge van hul moeders. (6) Die bokke, skape en beeste wei op die lande van die boere. (7) Die professore het gisteraand die vergaderinge toegespreek. (8) Die seuns het koppies tee vir die dames in die kafee's gekoop. (9) Die soldate het aan die gesneuwelde kommandante eerbewyse getoon. (10) Die verpleegsters trakteer die pasjente met medisyne om hul pokkies en masels te genees.

7. Correct the following printer's errors:

Die son het nouliks te vorskyn gekom of har helder straale was weid en syt gesprei oor die kabbelende waters van die Stormpak en uitgestrekte kal gras vlak-tes van die tafelvalei.

'n koel windjie wai van die seeSE kant af op die laand. 'n eider is gre tig om die ver frissende atmosveer te ge Niet en sy arbijd aan te pak.

'n Paaar vissers stap NA die bOote en verdwijn langsạmerhand uit die og van die menigte toESkoUers en dar in die veerte hul arbeid te aanVaaar.

Helder skijn die son en met vollekrag stiir die vissers sy bote deeper in die golwende watres van die onmeet-like osean. 'n Rukwind daag op en ver ander die still waters en ru golwe vat stry met dit rootse an land en alles skyn te VerPletter wat hul me in anraking kom.

8. Translate:

i/s AGTERSTALLIGE INTEKENGELD.

Waarde Heer,

Met verdere referte tot ons vorige briewe vragende om vereffening van u agterstallige intekengeld waarop ons geen antwoord ontvang het nie, moet ons u berig dat ons die toesending van die blad aan u nou gestaak het, en tensy ons u tjek in voldoening van bygaande rekening per kerende pos ontvang, sal ons verplig wees om verdere stappe teen u te neem.

Ons vertrou egter u sal dadelik u aandag hieraan gee en ons nie dwing om handelend op te tree nie.

Met agting,

Die uwe,

BESTUURDER.

READING-EXERCISES — LEESOEFENINGE.

1. WAT DIE MAAN VERTEL.

„Toe ek gister afkyk hier van bo af," sê die maan, „kon ek net mooi in 'n tuin sien, wat agter 'n liewe klein huisie was. Dit was nog nie laat nie, en 'n klein meisie, omtrent vier jaar oud, met ligte krulhaartjies, het nog ewe vrolik daar rondgespeel.

Agter in die tuin was 'n hen met kuikentjies. Dit was al tyd vir die klein, geel diertjies om te gaan slaap, en die hen was net besig, om hulle bymekaar te roep. Die ou krulkoppie het geloop en sing, en met die rondspring het sy agter die kuikentjies aangehardloop, en hulle so vinnig aangeja, dat hulle weggehol het, terwyl hulle angstig piep. Die ou moederhen het agterna gehardloop en gekloek, en tevergeefs probeer om die kuikentjies onder haar vlerke te beskerm.

Die dogtertjie se vader het toe juis na buitetoe gekom. „Foei tog," sê hy, „wat maak jy daar? Kan jy nie sien, hoe bang jy die arme klein diertjies maak nie? Kom, gaan dadelik saam met my na binnetoe; dit word so stadig-aan vir jou ook al tyd om na bed te gaan," — en vader tel die liewe kindjie op sy skouer en dra haar so na binne.

Ek het verder deur die lug gereis, bokant die wolke, en ek het toe nie meer gedink oor wat ek daar gesien het nie.

Maar vandag, het ek weer in dieselfde tuintjie geloer. Dit was 'n bietjie later as gister, en heeltemal laat genoeg ook vir klein kindertjies en klein kuikentjies om rustig in hulle bedjies te lê met hulle ogies styf toe.

Dit was dan ook alles doodstil; dit het gelyk, of tot die aandwindjie ook gaan slaap het, want daar het nie eers 'n blaartjie aan die bome geroer nie. Meteens gaan die agterdeur van die huis saggies oop, en dieselfde klein meisie, wat ek gister gesien het, kom daar uit. Sy het al haar nag-

kleertjies aangehad, en sy loop op haar toontjies. Sy loop suutjies na die hoenderhok, maak die deurtjie oop, en gaan daarin. Ek kon alles deur 'n skeur in die plankie sien.

Die ou hen het al op die nes gesit met die kuikentjies onder haar vlerke, en die ander hoenders het op die stokke gesit en slaap. Die klein meisie het reguit na die hen toe gegaan en haar handjies na haar toe uitgesteek.

